LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

02-04-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 11 VIR 2019



LEES ASB. ➜ BELANGRIKE INLIGTING

1 **MINI-NETBAL:**
Ons begin Donderdag met oefening vir al die spanne. Tye bly dieselfde.

2 **NETBAL**:
- Geen oefeninge vir die week, wel wedstryde op Woensdag en Donderdag.
- Oefening hervat Maandag, soos normaal.

3 **♬ KOOR ♬:**
Kooroefening vir die Seniors, Woensdag, 14:00 - 15:30.

4 **RUGBY**:
- Oefening vir al die spanne hervat weer Dinsdag, 9 April 2019.
- Bulletjies (0/6-0/8) oefening hervat weer op Woensdag, 3 April 2019 vanaf 17:00 - 18:00.

- Rugbywedstryde: 0/9 - 0/11 op Donderdag, 4 April 2019 te Laerskool Impala.
  1ste span op Vrydag, 5 April te Affies.
- Proewe vir 0/12 en 0/13 seuns op Woensdag en Donderdag - Sterkte!

5 **KRIEKET**:
1ste span proewe op Vrydag, 26 April 2019 om 13:30 -15:30.

5 **"SPREEKKOOR" - GRAAD 1 EN 2:**
Oefening begin 8 April 2019 in Juf. Monica se klas vanaf 13:00 - 13:30.
Almal moet asb. daar wees.

6 **ATKV-REDENAARS:**

Daar is vir die Gr 6-7 leerders wat die eerste rondte deelneem, Donderdag, 4 April 'n kursus vir onvoorbereide redenaars vanaf 14:00 tot 15:00 in Juf. Lizelle se klas. Almal moet daar wees.

7 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD**

Suikerbosrand se eerste gedeelte vind plaas op 27-30 Mei asook op 3-7 Junie 2019. Inskrywings sluit 1 Mei 2019 vir Afdeling A (Afr en Eng gedigte) en Afdeling B (Redenaars en Spreekkuns)

Inskrywingsgelde beloop R40 en inskrywings sal vanaf 8 April 2019 by Juf. Lizelle (Juniors) en Juf. Madeleine (Seniors) beskikbaar wees.

8 **SKAAK**:

Ons begin Woensdag, 10 April met skaak oefening: Junior - 15:00 - 16:00 en Seniors 16:00 - 17:00.

9 **LEESFEES**:

- Boek Buddies kom 'n vertoning lewer op 18 April 2019 - Juniors om 11:00 en Seniors om 12:00.
- Koste beloop R15 per leerder.
- Gelde moet asb. so spoedig moontlik by register onderwyser inbetaal word.
- Leerders mag op daardie dag soos hul gunsteling storieboek-karakter aantrek.
- Daar is 3 pryse vir leerders in elke graad, wat hul storieboek-karakters die beste uitbeeld.

10 **OUERAAND**:

- Daar is Maandag, 8 April 2019 vanaf 15:30 tot 17:00 'n oueraand. Personeel sal afsprake met ouers reël.
- Daar sal wel vanaf 17:00 tot 19:00 geleentheid wees vir ouers om die personeel in hulle klasse te sien.

11 **REVUE 2019:**

Revue vind vanjaar plaas op 14-18 Oktober 2019. Ons moedig massadeelname aan. Koste per leerder beloop R200, wat voor 14 Junie 2019 by die registeronderwyser inbetaal moet wees. Vul asb. die toestemmingsbrief in en stuur terug voor 5 April 2019.

12 **BORDSPELETJIES:**

Juf. Sanet is dringend opsoek na ongebruikte bordspeletjies soos Cluedo, Monopoly, Apple to Apple, ens. Dit moet verkieslik Engelse Instruksies hê - vir gebruik in die Engelse vakgebied.



Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF

OUERAAND - 8 APRIL 2019

Ek, _____ ouer van _____ in

Graad _____ versoek 'n afspraak met Mnr/Mev _____

in (Vakgebied) _____op Maandag, 8 April.

My kontakbesonderhede is _____.

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG

REVUE - TOESTEMMINGSBRIEF VIR DEELNAME

Ek, _____ouer van _____

in Graad _____

□ . . . gee TOESTEMMING dat my kind aan die Revue 2019 mag deelneem en ek onderneem om die bedrag van R200 voor/op 14 JUNIE 2019 te betaal.

□ . . . stel u in kennis dat my kind nie aan die Revue sal deelneem nie. Ek is bewus dat my kind gedurende oefentye akademies sal verkeer.

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG KONTAKNOMMER